# HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9

VRAESTEL 1

NOVEMBER 2018

**PUNTE:** 120

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Vraag 1: Begripstoets | [20] |
| | Vraag 2: Advertensie | [10] |
| | Vraag 3: Statistieke | [10] |
| AFDELING B: | Taalwerk | [80] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou Afrikaanse onderwyser se naam op die voorblad.

4. Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel.

5. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TEKS A - ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord AL die vrae.

**ROLENE KRY NET 'N DRUKKIE EN TOE 'N LYFWAG**



Suid-Afrika het vir die eerste keer in vier dekades weer 'n Mejuffrou Wêreld. Rolene Strausse [22], 'n vierdejaar-mediese student aan die Universiteit van die Vrystaat, is Sondagaand in Londen as die mooiste vrou in die wêreld gekroon.

Dit is die derde keer dat 'n Suid-Afrikaanse skoonheid die titel wen ná Penny Coelen en Anneline Kriel. "Dis onbeskryflik! Jy droom van kleins af hierdie droom saam met jou kind en noudat dit gebeur het ... voel dit soos 'n droom," het Theresa, Rolene se ma, Sondagaand net ná die aankondiging gesê. "Die oomblik toe sy gekroon is, kon ons haar net vinnig 'n drukkie gee. Sy het dadelik 'n lyfwag gekry. So ons het nou eintlik nie eens meer vrye toegang tot haar nie!"

Theresa, haar man Hennie, en seun Johan, was daar om Suid-Afrika se skoonheid te ondersteun.

Die wyse waarop sy Sondagaand as een van die topvyf finaliste 'n algemene vraag beantwoord het, het waarskynlik die deurslag gegee. Elkeen van die vyf moes op die vraag waarom hulle Mej. Wêreld wil wees, beantwoord. Terwyl van die ander deelnemers gefokus het op wat dit vir hulle sou beteken, het sy gewys op die waardes wat sy sou wou uitdra. Volgens Rolene is waardes soos eenheid, vergifnis en versoening 'n belangrike deel van Suid-Afrika en staan die Mej. Wêreldkompetisie ook daarvoor. Sy sou haar graag wou beywer om dit te bevorder.

"Vandat ek Rolene die eerste keer as 'n nuwe eerstejaarstudent ontmoet het, het haar selfvertroue my opgeval, het prof. Jonathan Jansen, rektor van die UV, Sondagaand ná die kroning gesê. "Al kom sy van 'n klein dorpie [Volkrust in Mpumalanga] wys haar ideaal om akademies te presteer en haar deernis vir mense, wie sy regtig is en daarom verdien sy dit uit en uit om te

wen".




Casper Bosman, haar Bloemfonteinse ontwerper, het seker gemaak dat Rolene met elke tree van haar Mej. Wêreldreis pragtig aangetrek is. Hy het gesê die feit dat Rolene gewen het, sit Bloemfontein 'definitief op die map'. Dit wys dat ons Suid-Afrikaners baie talent het."

Noudat sy die groot blou kroon dra, sal sy vir 'n jaar na haar kroning in Londen woon, oor die wêreld reis en die Mej. Wêreld-organisasie verteenwoordig.

Aangepas en verwerk uit Huisgenoot Digitaal, 14 Desember 2014

**VRAE:**

1.1 Oor wie is die artikel geskryf? Skryf die persoon se naam en van neer. [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die betekenis van die woord "**drukkie**" in die titel beteken die volgende:

A. Mense hou van drukkies.
B. Mense hou nie van drukkies nie.
C. Sit jou arms om iemand se skouers.
D. Druk die lig se knoppie. [1]

1.3 Na hoeveel jaar is daar weer 'n Mej. Wêreld in Suid-Afrika? [Onthou: nie dekades nie!!] [1]

1.4 Watter beroep wil Rolene eendag volg? Skryf net 'n woord as antwoord neer. [1]

1.5 Watter dag van die week het die kroning plaasgevind? [1]

1.6 Rolene is die derde Suid-Afrikaner wat Mej. Wêreld word. Skryf die name van die vorige TWEE wenners neer. [2]

1.7 Rolene se ma is nie baie gelukkig met die feit dat haar dogter 'n lyfwag het nie.
Watter sin in die teks sê dit vir jou. [1]

1.8 Haal uit die teks aan om te motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Net Rolene se ma was by die kroning. [1]

1.9 Wie is die rektor van die Universiteit van die Vrystaat?
Skryf sy titel en volle name uit. [1]

1.10 Kies uit KOLOM B die woorde wat by KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer, bv. 1.10.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Vyf | A. Blou |
| 1.10.2 Die kleur van die kroon. | B. Dorpie waar Rolene grootgeword het. |
| 1.10.3 Volksrust | C. Londen |
| | D. Aantal top finaliste |

[3]

1.11 Noem TWEE van die waardes waarvoor Rolene staan. [2]

1.12 Skryf die volgende gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE soos dit in die artikel voorkom.

- Na die kroning woon Rolene in Londen.
- Rolene word op 14 Desember 2014 Mej. Wêreld.
- Rolene beantwoord die finale vraag en sê dat sy in versoening glo.
- Casper Bosman sê dat Suid-Afrikaners van die beste klere-ontwerpers in die wêreld is. [4]

1.13 In watter wêreldstad het Rolene na haar kroning gebly? [1]
**[20]**

**VRAAG 2: TEKS B - ADVERTENSIE**

Lees die volgende advertensie noukeurig deur en beantwoord AL die vrae.




VRAE:

2.1 Watter produk van *Toughees* word hier geadverteer? [1]

2.2 Met watter dier word hierdie produk vergelyk? [1]

2.3 Wat is die slagspreuk [slogun] van hierdie produk? [1]

2.4 Wat kan jy wen as jy enige van die produkte koop?
Skryf net 'n WOORD as antwoord neer. [1]

2.5 Watter WOORD sê vir jou dat jy dit terug kan gee as daar 'n probleem daarmee is? [1]

2.6 Wanneer is die sluitingsdatum? [1]

2.7 Hoe lank bestaan *Toughees al?* [1]

2.8 Watter TWEE dinge moet jy instuur as jy inskryf vir die kompetisie? [2]


2.9 Waar op die internet kan jy meer inligting oor *Toughees* kry? [1]
**[10]**

**VRAAG 3: TEKS 3 – STATISTIEKE**

Bestudeer die volgende statistieke en beantwoord AL die vrae.

## Suid-Afrikaners en hul gesondheid

**In die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing se ondersoek na gesondheid en voedingswaarde is bevind:**




Bron: hsrc.ac.za

Grafika24

VRAE:

3.1 Watter Raad het die ondersoek gedoen?
Skryf net die naam van die Raad neer. [1]

3.2 Wie koop die meeste kruideniersware? [1]

3.3 Hoeveel mans en hoeveel vroue is onfiks? [2]

3.4 Haal EEN woord aan wat bewys dat mense moontlike gesondheids-risiko's het. [1]

3.5 Hoeveel persentasie van kinders is tussen die ouderdomme 2 en 5 jaar oorgewig? [1]

3.6 Hoeveel mense fokus op die gesondheidswaarde van kos wanneer hulle inkopies doen? [1]

3.7 Wie is die mees tevrede met hulle hospitaal se diens? [1]

3.8 Hoeveel Suid-Afrikaners neem baie suiker of vet in? [1]


3.9 Gee die getal huishoudings wat hongerly. [1]
**[10]**

**AFDELING B SE TOTAAL: [40]**

<u>**AFDELING B: TAALWERK**</u>

**SINSTRUKTURE:**

Die volgende taalvrae is op die prentjies gebaseer. Beantwoord al die vrae.



**1. Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORORDE oor.**

1.1 Die spelers [daagliks, op die sokkerveld, speel, sokker] [1]
1.2 Die skeidsregter [ die fluitjie, blaas, sal, gereeld] [1]
1.3 Die bal [op die veld, lê, gedurende die wedstryd] [1]

**2. Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD oor.**

2.1 Die ongelukkige speler sit en huil oor die rooi kaart. [1]
2.2 Die skeidsregter het die kaartjie in sy hand. [1]
2.3 Die spelers wil vanjaar die beker wen. [1]
2.4 Die toeskouers is baie lief vir sokker. [1]
2.5 My skoolspan leer baie tegnieke van die afrigter. [1]
2.6 Die ouers betaal baie geld vir die sokkerklere. [1]

**3. Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD oor.**

3.1 Die sokkerspan het baie aanhangers. [1]
3.2 Manchester United en Liverpool is twee bekende sokkerspanne. [1]
3.3 Die spelers oefen in die gimnasuim. [1]
3.4 My pa neem foto's van my. [1]

**4. Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE tussen die hakies.**

4.1 David Beckham is 'n baie bekende sokkerspeler. Hy hou nie van die kalklig nie. [maar] [1]
4.2 Pele het in Brasilië gewoon. Hy het Portugees gepraat. [daarom] [1]
4.3 Die Russe was baie moedeloos. Hulle het die wêreldbeker verloor. [nadat] [1]

**5. Skryf die volgende sinne in die ONTKENNING oor.**

5.1 Renaldo het al honderde doele geskop. [1]
5.2 Allan Shearer was Newcastle United se beste kaptein. [1]
5.3 Die toeskouers hoor iemand oor die luidspreker praat. [1]
5.4 Die skeidsregter het iets in sy broeksak. [1]
5.5 Daar is nog 10 minute van die wedstryd oor. [1]



**6. Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM oor.**

6.1 Die tieners het die kombuis skoongemaak. [1]
6.2 Die meisies sal die skottelgoed in die kombuis was. [1]

6.3 Die seun rasper die kaas op die bord. [1]
6.4 Moeder het die stoof aangeskakel. [1]

**7. Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE oor.**

7.1 Die seun vra: "Is daar 'n skinkbord in die kas?" [1]
7.2 Die meisie sê: "Ek versier die koekies." [1]
7.3 Die seun sê vir die een meisie: "Ek bel jou later." [1]

**8. Skryf die volgende sinne oor deur al die LEES- EN SKRYFTEKENS in te vul.**

8.1 die seun vra is daar water in die ketel [1]
8.2 die kinders bak elke saterdag koekies vir ouma jane [1]
8.3 hulle bak gemmerkoekies vaniljekoekies neutkoekies [1]

**9. KOMMUNIKASIE:**

9.1 Hoe sal jy simpatie betoon? [1]
9.2 Hoe wens jy iemand geluk met sy verjaarsdag? [1]
9.3 Hoe sal jy iemand teen gevaar waarsku? [1]
**[34]**

**WOORDSTRUKTURE:**



10. Gee die VERKLEINING van die woorde tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

10.1 Die seewier lyk soos 'n klein [blom].
10.2 Die duiker wys met haar klein [hand] na die visse.
10.3 Die duiker is regtig net 'n klein [mens]. [3]

11. Gee die MEERVOUDE van die woorde tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

11.1 Die duiker kan sy twee [oog] nie glo nie.
11.2 Daar was baie [skip] op die water
11.3 Baie [gesin] gaan elke jaar na die strand toe. [3]

12. Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

12.1 Die meisie dra ..... pienk paddaskoene.
12.2 Die seun dra ....blou paddaskoene.
12.3 Ons het .....dag by die strand geniet. [3]

13. Vul die ontbrekende VOORSETSELS in. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

13.1 Brad is baie lief....duik.
13.2 Hulle het ......motor na die strand toe gery.
13.3 Brad duik elke dag......sesuur in die see.
13.4 Hy hou baie.....die see. [4]

14. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

14.1 Die duiker is [baie beroemd].
14.2 Duiktoerusting is [baie duur].
14.3 Ek is [baie bang] vir haaie!
14.4 As jy sonder 'n duikpak duik, word jy [baie nat]. [4]

15. Voltooi die volgende VERGELYKINGS. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

15.1 Daardie duiker is so koel soos 'n ...
15.2 Die seewier is so hard soos 'n ....
15.3 Die skipswrak is so oud soos die...
15.4 Ek kan duik en is nou so trots soos 'n .... [4]

16. Gee die korrekte AFKORTING van die volgende woorde. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

16.1 Verenigde State van Amerika
16.2 in plaas van
16.3 namiddag [3]

17. Vertaal die volgende SPORTSOORTE in Afrikaans. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

17.1 cricket
17.2 rollerskates
17.3 wrestling
17.4 surfing [4]

18. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die volgende. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

18.1 Dit is die mooiste [bruidegom] wat ek al gesien het!
18.2 Ek wil eendag 'n [akteur] word.

18.3 Die [kelner] kry 'n groot fooitjie.
18.4 Ons [buurman] is baie kwaai. [4]

19. Skryf die volgende TYE oor in woorde. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

19.1 6:00
19.2 6:15
19.3 10: 45
19.4 11: 30 [4]

20. Skryf die volgende GETALLE in woorde oor. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

20.1 21
20.2 14
20.3 17
20.4 200 [4]



21. Vul die ontbrekende RANGTELWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

21.1 Die koei staan......in die ry.
21.2 Die perd staan......in die ry.
21.3 Die hen wat mielies pik is .......in die ry. [3]

22. Voltooi die volgende kolom. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| VOLKE / MENSE<br>Die ... | LANDE<br>woon in ... | TALE<br>en praat ... |
|---|---|---|
| 22.1 | Amerika | Engels |
| Skotte | 22.2 | Engels |
| Russe | Rusland | 22.3 |

[3]
**[46]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [80]**
**GROOTTOTAAL: [120]**